



21 Februarie 2022

OB: 7 / 2022

Geagte ouers

1. Lief en Leed

- Dit is met leedwese dat ons kennis geneem het van die afsterwe van een van ons ouers, Mnr. Barend Briel, ons dra sy gesin op aan ons Hemelse Vader en bid vir vertroosting vir hulle in hierdie moeilike tyd.

2. Tennis:

16 Februarie: PNHS senior dogters v/s Loreto Convent. PNHS wen met 46 – 21. Geluk aan: Maruché Smith (9-2), Lenushke van Niekerk (6-5) en Netanie Klopper (10-1) wat almal hul wedstryde wen. Dit was ons derde ligabepaling, waarvan ons drie wen.

3. Interne redenaars: 16 Februarie 2022

Baie geluk aan die volgende wenners:

Senior fase:	1ste	Davie Pieterse (92%)
	2de	Cheyenne Pieterse (91%)
	3de	Beate Haarhoff (90%)
	4de	Chrishelle Nieuwoudt (89%)
	5de	Ivandré Coetzee (83%)
VOO fase:	1ste	Johan Jacobs (91%)
	2de	André Haarhoff (89%)
	3de	Devon Esterhuizen (87%)
	4de	Hesmari Scholtz (86%)
	5de	Anouk Janse van Rensburg (85%)

Baie dankie aan al die leerders wat deelgeneem het. Ons sien uit na al die kompetisies wat op ons wag!

4. Atletiek: Top 20, Bloemfontein, 18 Februarie 2022

Uitslae:

Algehele uitslae:

Dogtersspan eindig **7e uit 16 skole** wat deelneem
Seunsspan eindig **4e uit 21 skole** wat deelneem
In die afdeling vir dubbelgeslag skole eindig ons **5e uit 20 skole**

Geluk aan die volgende medaljewenners:

Goud: Danica Grobler: 400m Hekkies en Junior Bokwa: 800m, 1500m

Silwer: Cindy de Koker: 1500m, Anmari Malan: Spiesgooi, Henco van der Merwe: Gewigstoot, Heinrich Buitendag: 800m, 1500m en Jadon O'Neill: Gewigstoot

Bron: Danica Grobler: 100m, Alecia Venter: Gewigstoot en Kean van Wyk: Skyfwerp

Die volgende atlete behaal ook baie goeie 4e Plekke: Simoné de Koker: 800m, 1500m, Cindy de Koker: 800m, Anmari Malan: Skyfwerp, Rubin Nel: 400m, Schalk Fourie: 800m en Jadon O'Neill: Skyfwerp

5. Graad 12 uitslae 2021, Distrik toekennings, 18 Februarie 2022

H/S Pretoria-Noord ontvang tydens hierdie funksie die volgende trofee:

- Publieke skool: Hoogste slaagsyfer in die cluster.
- Publieke skool: Hoogste slaagsyfer in die distrik.
- Publieke skool: Beste Algehele Prestasie vir kwaliteit uitslae in die distrik.

6. GDO nuwe COVID regulasies

Soos verwag het die minister van Basiese Onderwys nuwe regulasies uitgevaardig vir die hantering van COVID 19 in skole:

- Alle skole moet nou terugkeer na 100% kapasiteit.
- Die bestaande 1m afstand verval.
- Slegs persone wat COVID 19 positief toets met simptome moet isoleer. Geen isolasie indien daar nie simptome is nie.
- Isolاسie met simptome word verkort na 7 dae.
- Indien 'n leerder positief toets met simptome moet die skool nog steeds onmiddellik in kennis gestel word.
- Normale COVID 19 protokol: maskers, sanitering en skandering bly steeds van krag.
- Geen buite persoon mag die skool betree behalwe met toestemming van die hoof en per afspraak nie.
- Pg. 8 laat egter wel sport- en ander byeenkomste toe met toeskouers, met 'n maksimum van 2000 toeskouers of 50 % van die kapasiteit van die fasiliteit mits die fasiliteit kleiner is.
- 1,5 M afstand moet by sportbyeenkomste deur toeskouers gehandhaaf word. ons het tans 5 leerders wat positief getoets het met simptome wat isoleer.

7. Program vir die week

Maandag, 21 Februarie: * Graad 8 – 12, **dag 1.**
* Detensie, 14H15 – 16H15
* Senior Interne Debat, 14H30 – 16H30, K 7.
* **Wintersport: 1ste spanne oorhandigingsfunksie, 18H00, saal.**

Dinsdag, 22 Februarie * Graad 8 – 12, **dag 2**
* PN Raad vergadering, 14H15 – 15H00, K 1.
* Junior Interne Debat, 14H30 – 16H30, K 7.
* Graad 12 Gasvryheidstudies: Restaurantand, 18H00, restaurant.
* Atletieksfunksie, 18H00, saal.

- Woensdag, 23 Februarie: * Graad 8 – 12, **dag 3.**
* Distrik Kampioenskappe. **Atlete skryf toets om 06H30 in K 65 en vetrek onmiddellik daarna.**
* Finansiële Komitee vergadering, 17H15, Konferensiekamer.
* **Rugby Akademie Voorsittersverkiesing, 17H30, saal.**
* Beheerliggaam Uitvoerende Komiteevergadering, 19H00, Konferensiekamer.
- Donderdag, 24 Februarie: * **Skool gesluit vir leerders.**
* **B-bond Interhoër, 09H00, Pilditch. Atlete vergader om 06H30 in die saal.**
- Vrydag, 25 Februarie: * Graad 8 – 12, **dag 4.**
* Wintersport: PUK 16 Poelwedstryd 1: PNHS v/s Delmas, 15H00, weg. **Skool sluit om 12H00.**
- Maandag, 28 Februarie: * Graad 8 – 12, **dag 5.**
* Detensie, 14H15 – 16H15.

Vriendelike Groete



Mnr. CJC Driescher
Hoof



Gasvryheidstudiesfondsinsamelingsprojek

Bestel koeksisters teen R 50 'n dosyn.

Kontak Ornel van Zyl: 073 858 6329

Verwysing: Gasvryheidstudies



Rys	2 Liter melk (langlewe)
Pasta	Ontbytpap
Blikkies kos x 2	Seep
Koffie	Tandepasta
Tee	Reukweerder (spuitgoed)
Suiker	Sjampoo
Mieliemeel	Onderarmrol

Dankie vir jou bydrae!



As enige iemand wil deel word van Noorderlig kan hul gerus 'n e-pos stuur aan tanya@tanyadans.co.za vir meer inligting aangaande ons projekte.

Mev. Tanya Breytenbach